# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## FEBRUARIE / MAART

## 2007

## SPRAAK EN DRAMA

**HG**

**611-1/0A**

SPRAAK EN DRAMA HG

611 1 0A HG

X05

4 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**SPRAAK EN DRAMA HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord DRIE vrae uit Afdeling A.
  - Elke antwoord moet na 'n ander voorgeskrewe teks verwys.
  - Antwoorde is gelyk in waarde: 50 punte elk.
- Beantwoord AL die vrae in Afdelings B en C.

---

## AFDELING A
## TEKSTE EN TEATERGESKIEDENIS

Hierdie afdeling is op die volgende gebaseer:

- 'n Absurde teks
- 'n Brechtiaanse teks
- 'n Suid-Afrikaanse teks
- 'n Eiekeuse-teks

**Beantwoord DRIE vrae in hierdie afdeling.**

Let daarop dat elke antwoord na 'n ander voorgeskrewe teks moet verwys.
Die antwoorde is gelyk in waarde: 50 punte elk (3x50=150).

### VRAAG 1
### ABSURDE TEATER

**"Die Teater van die Absurde skep 'n gewaarwording van niksheid, leegheid en 'n vakuum. Ruimte op sigself word 'n konkrete feit. Dit maak nie saak wat 'n mens daarin sit nie, die allesomvattende vakuum bly die ware milieu vir die toneelstuk."**

Skryf 'n opstel met verwysing na die Absurde teks wat jy vanjaar bestudeer het waarin jy verduidelik hoe die hantering van ruimte gebruik word as 'n kragtige metafoor vir die Absurde dramaturg se hantering van al die dramatiese beginsels. **[50]**

## VRAAG 2
## BRECHTIAANSE TEATER

**"In Bertolt Brecht se teater word vervreemding gebruik om empatie te voorkom deur die verbreking van die dramatiese illusie dat die gehoor 'n vorm van die 'regte' lewe aanskou."**

Die Brechtiaanse teks wat jy vir hierdie eksamen voorberei het, gebruik vervreemdingstegnieke om 'n spesifieke reaksie by 'n gehoor te ontlok.

Skryf 'n opstel met verwysing na 'n Brechtiaanse teks wat die invloed van die vervreemdingseffek op AL die dramatiese beginsels ondersoek EN lewer kommentaar op die verwagte gehoorreaksie. **[50]**

## VRAAG 3
## SUID-AFRIKAANSE TEATER

***The Island* van Athol Fugard is 'n akteurgesentreerde teks waarin toneelspel as 'n sentrale metafoor gebruik word:**

- **Toneelspel as 'n manier om 'n mens se eie lewe uit te speel**
- **Toneelspel as 'n vorm van oorlewing**
- **Toneelspel as die basis vir (politieke) handeling**

Skryf 'n opstel met verwysing na die Suid-Afrikaanse teks wat jy vir hierdie eksamen voorberei het waarin jy die manier bespreek waarop die uitspeel van die toneelstuk standpunt inneem teenoor die sosio-politieke klimaat waarin dit geskep is. Toon aan dat die spesifieke standpunt duidelik sigbaar is in die hantering van AL die dramatiese elemente. **[50]**

## VRAAG 4
## EIE KEUSE

**"Athol Fugard se intieme betrokkenheid by die teater, sy bewustheid van die ooreenstemming tussen die mens se lewe in die teater en lewe as 'n wêreldburger, plaas hom in 'n klas saam met Pinter, Albee en Brecht."**

Skryf 'n opstel oor die eiekeuse-teks wat jy vanjaar bestudeer het. Gee aandag aan die manier waarop die teks 'n verband lê tussen die wêreld van die teks en die regte wêreld. Dui aan hoe die dramaturg se hantering van die dramatiese beginsels hierdie verband reflekteer. **[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [150]**

## AFDELING B
## SPRAAK

**Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.**

### VRAAG 5

Verduidelik hoe jy verskillende resonators gebruik het om jou resonansie te verbeter en verduidelik met verwysing na een of meer van die praktiese stukke wat jy vir die eksamen voorberei het hoe verbeterde resonansie bygedra het tot jou vokale kwaliteit. **[10]**

### VRAAG 6

Jy word gevra om jou klasmaats in die Dramaklas deur 'n vokale en fisiese opwarming-sessie te neem wat hulle vir 'n optrede sal voorberei. Bespreek en motiveer die oefeninge wat jy sal gebruik. Bespreek ten minste VYF verskillende oefeninge. **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C
## KREATIEWE VERTOLKING

### VRAAG 7

Bespreek die repetisieproses vir die produksie van EEN van die tekste wat jy vir hierdie eksamen voorberei het. **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**